

Moedertaalonderwys en die toekoms van ons land

Toespraak by die Moedertaalfees van die ATKV, 15 Oktober, Leriba Lodge - Centurion

1. Inleiding

Vandag se byeenkoms word 'm 'moedertaalfees' genoem. Dis veelseggend dat ons as Afrikaners (en ander wat Afrikaans praat en liefhet) moedertaal beskou as 'n rede om fees te vier. Sover ek weet en kon vasstel, het dit nog nooit met een van die ander tale in ons land gebeur nie. Jy sal dit miskien nog in 'n land soos België (met Vlaams) of Kanada (met Frans) kry, maar nie in Suid-Afrika met een van die inheems tale nie.

Ons Afrikaners is 'n bietjie 'koekoes' oor ons taal en die meeste Engelssprekendes verstaan dit nie. Hulle praat 'n wêreldtaal en beskou hulle taal en sy belangrikheid as vanselfsprekend. Sommige van hulle is selfs effe meerderwaardig oor Engels.. hoe het die vrouedosent op Stellenbosch gesê? "It is after all the language we communicate in at university".

Ek wil vandag 'n faset uitlig wat nie gewoonlik genoeg aandag in ons debatte en gesprekke kry nie. Dis goed en wel dat ons werk in ons taal, veg in ons taal, vry in ons taal en vloek in ons taal (soos Amanda Strydom se liedjie gaan), maar wat van die die ander mense, die ander tale? Hoekom is moedertaal en moedertaalonderrig vir hulle nie so belangrik nie? En veral: hoe belangrik is moedertaalonderrig vir die toekoms van ons land?

2. 'n Vinnige samevatting oor hoekom moedertaalonderrig (MTO) belangrik is

Internasionale navorsing (nie Afrikanernavorsing nie) het bewys dat MTO in die eerste 7 jaar van skoolopleiding ontsaglik belangrik is. Dat kinders wat eers sekere begrippe in hulle moedertaal leer en dit so onder die knie kry, later makliker ander tale kan aanleer en in hulle leer. Wiskunde is een voorbeeld van baie. Die minimumtyd vir moedertaalonderrig op skool is dus tot einde graad 7 – as mens net uit 'n opvoedkundige oogpunt praat.

Fernand de Varennes, miskien dié internasionale kenner oor MTO, haal bevindings van die Wêreldbank aan om 'n verdere punt te maak:

"The largest single predictor of exclusion from education is when instruction is not in the language of children: «Fifty percent of the world's out of school children live in communities where the language of the schooling is rarely, if ever, used at home. This underscores the biggest challenge to achieving Education for All (EFA): a legacy of non-productive practices that lead to low levels of learning and high levels of dropout and repetition" World Bank, 2000. (De Varennes aanbieding).

En is MTO te duur? Hoor wat sê die Wêreldbank:

'Official language-only educational programmes can "cost about 8% less per year than mother-tongue schooling, but the total cost of educating a student through the six-year primary cycle is about 27% more, largely because of the difference in repetition and dropout rates." World Bank (2005), In Their Own Language: Education for All. World Bank. (De Varennes aanbieding).

3. Ons onderwysstelsel is besig om te faal – onder andere oor die gebrek aan MTO

Die tweede punt wat ek wil maak is dat ons basiese onderwysstelsel besig is om te misluk. Kenners beraam dat tussen 80 en 90% skole disfunksioneel is. Maar die grootse bewys van hierdie mislukking is die uitvalsyfwer (50%) en die matriek slaagsyfer, veral die klein persentasie student wat universiteitstoelating verkry.

Daar is baie redes hiervoor, maar een van dié wat min gehoor word, is die feit dat in die meerderheid van skole daar nie MTO is. Die beleid van die regering is dat MTO tot in graad 3 moet gebeur, waarna die skooltaal Engels word. In landelike gebiede, waar Engels nie baie of goed gepraat word nie, en waar die onderwysers nie regtig in Engels onderrig kan word nie, word die MTO met Engels gemeng, of die onderrig is swak. Leerders kry dit nie reg om hulle moedertaal onder die knie te kry nie, en leer ook nie in goeie Engels nie. En die eerste keer wat hierdie leerders weer met Engels gekonfronteer word, is in die matriekeksamen. Geen wonder so baie van hulle drui nie..

Daarteenoor, is die prestasie van die skole waar moedertaalonderrig wel plaasvind, in Engels en Afrikaans, baie beter..

My eie (onbewese) teorie is dat die grootste probleem met ons swak wiskundeprestasie nie intelligensie is nie, maar taal van onderrig..

4. Hoekom word MTO nie gebruik nie

Maar hoekom word MTO nie gebruik nie? Die Grondwet maak tog daarvoor voorsiening,,

Daar is 'n paar redes:

- Die multikulturele omgewing in stedelike gebiede maak dit oënskynlik onmoontlik om net een taal te gebruik vir onderrig.
- Die huidige regering se lippediens aan veeltaligheid en hulle oortuiging dat nasiebou net kan gebeur as almal Engels praat (die taal van die grootste koloniale moondheid in die geskiedenis!)
- Politieke korrektheid van Suid-Afrikaners om die regering van die dag se sienings te volg – al is dit groot nadeel van ons kinders
- Daar word gedink dis te duur. Die voorsitter van die portefeuljekomitee op Hoër Onderwys, mev Y Phosa, was baie beïndruk met die referaat wat prof Fernand de Varennes by die 2016 FW de Klerk konferensie oor moedertaalonderrig en die belangrikheid daarvan gelwer het. Toe sy met my daaroor praat, vra ek maar hoekom doen die ANC regering dan nie iets daadwerkliks daaraan om moedertaalonderrig op skool uit te bou nie. Haar antwoord was dat dit te duur sal wees. My antwoord was dat ons nie kan bekostig om dit nie te doen nie. My voorstel was om dit in te faseer, per grad per jaar, beginnende by die 4 groot taalgroepe: isiZulu, isiXhosa, Setswana en Sepedi. Maar dis waar dit gebly het..
- Die invloed en mag van Engels as internasionale taal beïnvloed Suid-Afrikaners en vul hulle met die waan dat Engels die enigste taal van sofistikasie en potensiaal is. En dis waar van wit, swart en bruin.. Daar is amper 'n sort van minderwaardigheid oor die moedertaal..

- 'n Laaste rede is die vrees dat, soos wat apartheid probeer doen het, MTO tot kulturele nasionalisme en groter beklemtoning van etnisiteit sal lei. Engels word as die taal van nasiebou en sosiale kohesie gesien.

5. Is daar lig in die tunnel?

Veeltaligheidskenners uit die Afrikaanse omgewing sê baie maal dat daar nie genoeg leiersfigure uit die ander taalgemeenskappe is wat vir MTO opstaan en dit verkondig en bevorder nie. Die NWU se ervaring op die Mafikengkampus is 'n voorbeeld hiervan. Net in die Zoeleogemeenskap lyk dit of daar 'n ander siening is. Daar word byvoorbeeld by UKZN sedert drie jaar gelede sommige kursusse in isiZulu aangebied en dit is as taal verpligtend vir alle student tot op 'n sekere vlak gemaak. Maar daar is weinig vordering met ander inheemse tale, met die uitsondering van 'n woordeboek hier en daar.

Die teenstanders van MTO word baie maal deur hulle teenkating van pogings om MTO in Afrikaans te vestige en te bevorder, gedryf. MTO is dus grootliks geploitiseer.

Ek het 'n ruk gelede uit 'n onverwagte bron hoop gekry dat swart jongmense tog die verlies aan moedertaal en die gebrek aan MTO begin ervaar.

In een van die (andersins radikale) lesings by Wits (die Ruth First gedenklesings) skryf een van die jong referente só:

There did not seem then to be a need to resist, and so when those first letters requesting that English be spoken at home, so that we could learn it faster and speak it more fluently, first arrived, we acquiesced. Linguists have displayed in many different ways, the vital role language has played in generating and disseminating the affairs of power, social relations and gender ideologies. Language matters. It is significant that I am currently giving this lecture in English because it is not just for ease of communication, but also because I cannot give it in isiZulu. As a direct result of having attended historically white schools I can no longer articulate these ideas in my mother tongue.

En daar is selfverwyt en verwyt teenoor haar ouers hieroor:

The sense of betrayal that Smith speaks about was palpable in my conversations with the 80s cohort. First, a self-betrayal – wishing that they had made a greater effort to hold on to their languages, that if they had known better, if they had realised that they were giving something up as opposed to just adding a different kind of knowledge to their mouths they might have been more vigilant. There is also a sense of having been betrayed by families/ communities/ parents who as Qhakaza said “were the ones clapping” as the cohort cut off their own tongues.

En dan amper hartverskeurend eindig sy:

When your mother can no longer speak to her grandchildren because you sent them to a “good school”, you must ask yourself who does the rainbow serve?

En die interessante, is dat al hierdie kinders na Engelstalige skole toe gegaan het. Hierdie imperialistiese houding is onlangs bevestig toe daar in die hareherrie gesê is dat die skole leerders

verbied het om hulle eie tale selfs op die skoolgrond te praat. Ek dink nie en hoop nie dat dit by Sfrikaanstalige skole gebeur nie...

Kom ons hoop dat hier jong mense nie net by #FeesMustFall sal bly en dekolonialisering wil pleeg nie, maar ook sal eis is dat daar in die toekoms MTO in ons skole sal plaasvind. Wat regter Albie Sachs in 'n grondwetlike hofsaak gesê het, moet ook eendag van die ander tale gesê kan word:

“Die Afrikaanse taal is een van die kultuurskatte van die Suid-Afrikaanse nasionale lewe. Dit word wyd gepraat en is diep gewortel- die taal van 'n uitstaande letterkunde en die draer van 'n ryke wetenskaplike- en regswoordeskat. Dis waarskynlik die reënboogtaal onder die Suid-Afrikaanse tale. Die beskerming en ontwikkeling daarvan is derhalwe nie net 'n saak van erns vir haar sprekers nie, maar van die ganse Suid-Afrikaanse nasie”.

6. Ter afsluiting: wat kan ons doen?

Ons gewone mense kan natuurlik nie veel doen naan die feit dat ander taalgroepe en die regering van die dag nie MTO aktief goedgesind is en bevorder nie.

Maar ons kan wel 'n paar praktiese dinge elke dag doen:

- Wees ferm oor Afrikaans, maar vriendelik in jou omgang met nie-Afrikaanssprekers. Ons moenie nog meer vyande maak nie. “Praat Afrikaans of hou jou bek”-Themde help nie. Om te verwag dat personeel wat duidelik nie Afrikaans kan praat nie, tog Afrikaans met jou te praat of jy met hulle, is nie 'n beginselstanspunt nie, maar koppig en onverdraagsaam.
- Wees prakties en funksioneel in veeltalige situasie. Tolkings is nie meer 'n uitsondering of 'n luukse nie, maar 'n noodsaaklikheid.
- Vir dié van ons wat daardie soort kontak het, moedig ander taalgroepe aan om na moedertaalonderrig te beweeg. En daar hoef nie vir die regering gewag te word nie. Chris Klopper van die SAOU vertel my dat daar in Mamelodi 'n Tsongatalige skool is. Die ouers het net so besluit en dit het gebeur..
- As jy te oud is om een van ons ander inheemse tale aan te leer, moedig jou kinders en kleinkinders aan om dit te doen. Dis een van die beste beleggings wat jy in jou kind of kleinkind se toekoms kan maak.
- En miskien die belangrikste: stuur jou kinders na Afrikaanse skole toe, en moedig jou getroude kinders aan om dieselfde met jou kleinkinders te doen – dis noodsaaklik!

Baie dankie!

Theuns Eloff